VERSIGTIG SOOS DUIWE

Die Here sê reg aan die begin: "**Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal 'n hulp maak wat by hom pas.**"(Gen 2:18). Hy maak hulle "*helpers en helftes*" vir mekaar. Dit is wat daardie frase beteken. Hulle pas soos "*helftes*" van die geheel by mekaar wat mekaar bystaan en ondersteun,. Hulle is "*helpers*" vir mekaar. Geen wonder dat die Genesis skrywer uit hulle verbintenis die gevolgtrekking maak dat die man sy ma en pa sal verlaat: "**en sy vrou aankleef.**" (Gen 2:24). "*Helftes*" en "*helpers*" wat mekaar nie sal kan weerstaan nie. En die skrywer voeg daarby: "**Hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie.**" (Gen 2:25). Die Bybel is dus nie skaam om oor seksualiteit te skryf nie. Van die begin af word daaroor in gloeiende positiewe terme geskryf. Tot in die fynste detail van die fisieke aard van ons seksualiteit. Trouens, daar is 'n hele boek in die Bybel afgestaan aan die passie en genot van die liefde tussen man en vrou. Hooglied besing die twee se verbintenis: "**My beminde is myne, en ek is syne.**" (Hoogl 2:16). "***Sy vaandel oor my was die liefde.***" (Hoogl 2:4).

Ook twee hoofstukke word in die boek Spreuke afgestaan aan die soeke na 'n uitnemende vrou. Die ma van koning Lemuel vermaan hom om nie sy krag op talle vroue te verspil nie. Nee, kies een uitnemende vrou wat by jou sal pas, jou "*helfte*" sal wees, jou "*helper*" en verbind jou aan haar.

So lees ons van Jakob wat mal was oor Ragel. Die sewe jaar wat hy vir haar moes werk: "**was in sy oë soos 'n paar dae, omdat hy haar liefgehad het.**" (Gen 29:20).

En sy pa Isak was mal oor sy ma, Rebekka, en het met haar "**gespeel**", 'n eufemisme vir die liefdespel (Gen 26:8).